COMMUNITY NEWSPAPER

GansBerg Nuus/News

PRICE R12.00

20 Junie 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

256ste Uitgawe

# Koffie met ryk aroma-geure




***Retha van Staden, Leonie Peterson, Ashley Geerdts en Leon Kemp.***

Om by *Chameleon's Coffee Shop* (*The Den*) in te stap, is om die geure van koffie met 'n ryk aroma 'in te asem'. Geure wat wissel van 'n verskeidenheid van Koffie, Tee, Bubble Tee en meer - midde 'n rustige atmosfeer, netjiese en ruim binnekant met genoeg sitplek om te kan ontspan, asook vriendelike personeellede. "*This shop runs on Steam & Caffeine*', lui 'n inskrywing op die swartbord.

Die vennootskap tussen Leon Kemp en Retha van Staden kom van ver af. Leon is 'n volbloed Gansbaaier en Retha is oorspronklik van Groblersdal, maar is sedert 2000 ook 'n Gansbaaier. Dié twee het in 2023 met *Tuk Tuk, The Adventurous Chameleon* begin, vanwaar die naam *The Chameleon's Den* vir hulle Koffiehuis. Gedurende daardie tyd het hulle baie rondgereis en op feeste, troues, funksies en baie meer gefokus - onder andere by Murasie Wedding Venue vir troues, Stanford en ander groot funksie-lokale.

"Aan die begin van 2025 het ons besluit om uit te brei, met die idee van 'n Koffiehuis wat reeds in Januarie vanjaar by ons ontstaan het," vertel Retha. "In April het ons daaraan begin werk en op Saterdag, 14 Junie 2025 het ons *The Chameleon's Den* oopgemaak." Die 'spyskaart' op die groot swartbord spreek boekdele van 'n groot verskeidenheid van 'geure': sowat 10 geure koffie, 7 geure tee, 6 geure Bubble Tee en nog meer. Insluitend is alternatiewe melk vir mense met 'n allergie - drinkgoed om van te kies en te keur.

Die Koffiehuis fokus op wegneem drinkgoed, maar daar is voldoende tafels en stoele om 'n rustige koffie of tee te geniet, asook om te kuier, 'n boek te lees en selfs om te sit en werk. Versnapperinge wat beskikbaar is, wissel van '*chocolate brownies*' en '*cappucinno muffins*' tot by 'n wye keuse van koeke van alle geure.

'n Besoek aan *The Chameleon's Den* sal beslis die moeite werd wees. Retha se twee vriendelike en flink personeellede is Ashley Geerdts en Leonie Peterson. Die Koffiehuis is in die Fynbossentrum op die hoek van Hoof- en Fabriekstrate geleë, met voldoende parkering beskikbaar. Retha van Staden kan by 082 894 0824 geskakel word, of stuur 'n epos aan haar by tac.coffeeco@gmail.com.

**Hardus Botha**

3 DAMARA TRAIL WINS SILVER AWARD



4 NOU WINK 100 VIR BETSIE



6 AGRI WESTERN CAPE



9 PINKSTERMAAL



10 LSG SPORTSTERRE



13 GHOLF






# Toeka se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyses

Ons gaan steeds voort met Gans-Berg Nuus se reeks oor 'Toeka se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyses'. Die inligting is opgespoor in 'n dokument wat in 1975, sowat 50 jaar gelede, saamgestel is en die skrywers daarvan verwys na hulself bloot as 'Die Samestellers'. Ons lesers word steeds uitgenooi om kommentaar aan 082 786 0494 via WhatsApp te stuur, of stuur 'n epos aan info2@gansberg.co.za. Ons hoor graag van julle.

**Hier is nog 'n paar:**
*Die puntjies op die i sit*: iets baie noukeurig behandel;
*Iemand insê*: hom die waarheid vertel;
*In die jaar nul*: nooit nie;
*In die jaar vroeg*: vanmelewe-se-dae;
*Dis bo my jakkals*: dis bokant my vuurmaakplek;
*'n Jansalie*: 'n lamlendige vent; 'n persoon sonder energie;
*Sy jas is in die wiel*: hy is in die moeilikheid;
*Hy is die Jona onder ons*: hy is die oorsaak van ons ongeluk;
*Jong gewend, oud gedoen*: die gewoontes wat jy in jou jong jare aanleer, hou jy dwarsdeur jou lewe;
*Kaduks voel*: siekerig voel;
*Kaf verkoop*: onsin praat;
*Kalifa speel*: allerlei goëltoertjies maak;
*'n Kanis*: 'n vuil en morsige vent;
*Kaparrings*: 'n paar groot, lomp skoene;
*Die kat die bel aanbind*: die eerste stap doen in iets gevaarliks;
*'n Kerkhofdroster wees*: daar maer en verwese uitsien.

**Hardus Botha**

# 'Go as a River'

Gansbaai Leeskring se maandelikse byeenkomste lewer telkens die mees interessantste boekbesprekings op. Die vorige byeenkoms, wat ongelukkig bietjie lank oorgestaan het, was ook geen uitsondering nie. Elsabé Groenewald (regs voor op die foto) het die boek van Shelley Read, '*Go as a River*', met die groep bespreek.

*Go as a River* is 'n boeiende, onvergeetlike en hartroerende historiese fiksie oor die verhaal van grootword en 'n drama van aangrypende krag. Die kern vraag in die boek is: "*Wanneer 'n oomblik alles verander, hoe leef jy die res van jou lewe?*". 'n Jong tiener, Victoria Nash, is die enigste oorlewende vrou in 'n familie van getraumatiseerde mans. Sy bring haar dae deur met die bestuur van die huishouding as 12-jarige meisie op haar familie se perskeplaas langs die Colorado Rivier. Sy ontmoet 'n anderskleurige, jong swerwer, Wilson Moon, met 'n geheimsinnige verlede. Ontwortel van sy stamland, glo hy dat een plek nes 'n ander plek kan wees.

Victoria en Wilson ontmoet mekaar op 'n straathoek en daar ontwaak 'n onverwagte verbintenis wat beide passie en gevaar, onthullings en geheime, aan die lig bring. Maar toe 'n tragedie toeslaan, word Victoria weggeruk van die enigste huis wat sy ooit geken het - op 'n reis van verlies, hoop en die ontdekking van haar eie, onbenutte krag. Sy verloor haar ma, tannie en nefie wat in 'n motorongeluk sterf, terwyl haar broer ook nie haar verhouding met Wilson goedkeur nie. Terwyl sy al die stukkies van haar klein, maar buitengewone bestaan bymekaarmaak, staan sy uiteindelik voor een rotsvaste besluit wat haar lewe vir altyd sal verander.

Victoria ontdek dat sy swanger is en gaan skuil in 'n grot waar sy geboorte aan 'n baba-seun skenk. Sy besef sy kan nie die seuntjie grootmaak nie en los hom by piekniekgangers se motor en gaan terug plaas toe. Na haar pa se dood, verkoop sy die plaas en skuif die jong perskeboord na haar nuwe plaas. Sy keer jaarliks terug na die piekniekplek waar sy 'n klip ter herdenking aan haar kind laat. Na jare ontmoet sy haar seun, Lukas, se ma wat hom aangeneem het. Beslis 'n hartroerende verhaal waarvan Gansbaai Leeskring se lede kennis geneem het.
(*Foto: Anita Botha*)

**Hardus Botha**

*Gansbaai Leeskring se aktiewe boeklesers*


The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Damara Trail wins silver award

CapeNature is proud to announce that its Damara Trail video series has won the Silver Award at the prestigious International Tourism Film Festival Africa (ITFFA) 2025 in the *Tourism Products* category. CapeNature's videos stood out for their compelling storytelling, visual excellence, and ability to capture the essence of nature-based tourism in the Western Cape.

"We are incredibly proud that the Damara Trail videos have been recognised on an international platform. This award helps to underline our commitment to sustainable tourism offerings. Much like the Damara Trail itself, the video helps to tell the unique history and story of the Waenhuiskrans area to visitors both far and near," said Sheraaz Ismail, Executive Director: Eco-Tourism and Access.




Competing against close to 28 other finalists in the category, the award recognises outstanding and innovative video content that promotes tourism experiences in a particular destination and across a variety of different tourism subgenre, which include: cultural, gastronomic, responsible and sustainable, health and wellness, wine, rural and agriculture, natural attractions, religious, shopping, astrotourism, UNESCO heritage sites, and eco-tourism.

Founded in 2019, the ITFFA honours video content from around the globe that showcases the richness of travel and tourism through various platforms, including social media, TV campaigns, promotional films, and documentaries. The festival plays a vital role in growing the African audiovisual industry while giving well-deserved recognition to creative professionals in tourism media. The Damara Trail is a scenic and ecologically rich route that highlights CapeNature's commitment to sustainable ecotourism and conservation. The award-winning video series can be viewed here: Embark on the Coastal Damara Trail with Us! CapeNature extends heartfelt thanks to ITFFA for the honour and to everyone involved in bringing the Damara Trail to life on screen.

The Damara Trail is South Africa's first slow hiking trail, located at De Mond Nature Reserve, near the seaside town of Arniston. This two-day, immersive experience features a 5km hike on day one to an overnight wooden deck facility, followed by an 11.5km coastal walk ending on the beach in Arniston. With interpretive signage highlighting local flora, fauna, history and geology, and a shuttle service back to De Mond, the Damara Trail offers a unique mix of adventure and relaxation. Contact CapeNature at 087 087 8250 or visit booking.capenature.co.za to secure your spot and be part of the slow hike experience.

**General Manager:**
**Advocacy Petro van Rhyn**









# Medical 911













1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335


# Nou wink 100 vir Betsie


99-jarige Betsie van der Merwe.

Ja-nee, nou wink die 100ste lewensjaar vir Tannie Betsie van der Merwe van De Kelders - om na haar op haar 99ste verjaarsdag te kon kyk, is om te weet: Betsie het net geen einde nie. Op Saterdag, 14 Junie 2025 het sy en 'n paar vriende, kinders en kleinkinders haar 99ste verjaarsdag in haar huis gevier - en dit was sommer 'n gesellige saamkuier gewees - met Betsie, ongeag 'n gehoorprobleem, wat steeds nie op haar mond geval is nie.

Betsie se flink en getroue tuisversorger, Analise Kleyn, het die kombuistoonbank, in opdrag van Betsie, behoorlik onder eetgoed en koek laat 'kreun'. Betsie se tweede tuisversorger, Christa Smal, het flink met die bediening van tee en koffie gehelp. Die groepie het heerlik saam met Betsie gekuier, asook haar liefling-BARC-hond, Asjas. Gelukkig vir haar, was daar net 2 kersies op die verjaarsdagkoek om dood te blaas - 1 op elke 9 van 99!

Betsie is op 14 Junie 1926 in Edenburg, Vrystaat gebore en het in Lusikisiki in die Transkei grootgeword, maar is later na Stellenbosch. Daar het sy haar trouman, Charl, op 'n '*blind date*' ontmoet, waarna hulle later getroud is. Drie kinders is uit die huwelik gebore: Charl van der Merwe, getroud met Carmen; André van der Merwe, ongetroud; Surina de Jager, getroud met Stix - en Betsie wat spog met 7 kleinkinders en 3 agterkleinkinders.


*Betsie van der Merwe en Asjas.*


*'n Trotse Betsie van der Merwe (99), saam met haar gesins-geliefdes: Agter ry: Charl (Carenè se verloofde) Dan Carenè (kleindogter) ,ouma Betsie, Rozanne (kleindogter), Surina (dogter), Carmen (skoondogter), Charl (seun). Voor: Johan (stix) skoonseun en sy seun ook Johan.*

In 1991, sowat 34 jaar gelede, het die egpaar afgetree en na Gansbaai verhuis, waar Charl haar in 1999 ontval het. "Ek is dankbaar om op 'n vol lewe te kan terugkyk - opdraendes en afdraendes ingesluit," het Betsie vertel. "Ek is ook trots om te kan sê ek is al 34 jaar 'n volbloed Gansbaaier." In Gansbaai was Betsie 'n staatmaker en baie aktief op verskeie gebiede. Onder andere was sy 'n stigterslid van die bekende Bietoubos Dameskiub, waarvan sy tans 'n erelid is. Dit is vir die redaksie van die Gans-Berg Nuus 'n voorreg om Betsie met haar 99ste verjaarsdag geluk te wens en net goeie gesondheid en voorspoed vir haar met haar 100ste lewensjaar toe te wens.

**Hardus Botha**





**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za
Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.zo.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:082 786 0494 /
info2@gansberg.co.za

**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:
078 010 8286
michelle@gansberg.co.za
Saskia:
068 697 9945
saskia@gansberg.co.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

# Vader-en-Seun suksesvolle byeenkoms

Die Vadersdag-vader-en-seun geleentheid van Saterdag, 14 Junie 2025 was een van die NG/VG Bediening Missionaal, in vennootskap met Gansbaai Polisiediens (SAPD), Gemeenskaps Polisieëringsforum (GPF) en Spritual Crimeprevention Strategy (SCP) se grootste uitdagings - en dit was 'n enorme sukses. 'n NGK Sinodale Kommunikasie Taakspan, onder leiding van ds DJ Muller, het spesiaal deurgekom vir 'n video-opname. (Dit dien gemeld te word dat alle ouers toestemming vir kinderfoto's gegee het.)

Hierdie spesiale geleentheid is onder leiding van die GPF by die BET-EL International Ministries in Blompark aangebied. Veral kinders, oor wie dié dag gegaan het, het in groot getalle opgedaag - seuns en dogters. Groot pret en baie speletjies het die groep van vroeg tot na middagete behoorlik besig gehou, soos dromme- en kitaarspel deur Leander du Preeze van Worcester, sangitems deur Reagan Koert, asook Mertale Jacobs en Elwayne Titus, dansitems deur die BMIC Kinder Dansgroep van Belney van Tonder, Badisa Bordspeletjies, voordrag deur Karel Els en baie meer - 'n hele mondvol van luister- en kykgenot.

Bykomend was ook nog stoei-demonstrasies, toutrek, sakresies en eier-en-lepel-loop, te veel pret om alles te noem. Motiveringssprekers soos Barnie Germishuys (CPF), Sammy Brett (Sakekamer), AO Woens Basson (SAPD), Morné Venter oor stoeibeginsels, George Wiese met 'n stoei-demonstrasie, Deon Naude oor vaders en seuns en Apostel Sameul Jacobs oor persoonlike identiteit en karakter, het seker gemaak hulle maak 'n groot impak op die jongmense.

Etenstyd is natuurlik nie afgeskeep nie, veral nie met Suzanne Hans en haar span van Silwerjare Dienssentrum se smaaklike lam- en hoender met rys nie - daar is behoorlik daaraan weggelê en daar was meer as genoeg. Die organiseerders van hierdie besonderse dag kan met reg gelukgewens word, wie hulle ookal almal was - baie geluk met 'n suksesvolle dag terwille van kinders en die vertroue is uitgespreek dat volgende jaar se byeenkoms nog groter sal wees.

**Hardus Botha**














## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

EMERGENCY

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Agri Western Cape Santam Young Farmer of the Year 2025



*Francois Rossouw*

Agri Western Cape proudly named Francois Rossouw of Mooigezicht Estates in the Hex River Valley on 11 June 2025 as the Agri Western Cape Santam Young Farmer of the Year 2025. With his deep-rooted commitment to sustainable production, people development and technology-driven management, Francois has distinguished himself as a farmer with vision and determination. He produces table grapes on 310 hectares and is a dynamic young leader who plays a key role in his family's farming operation and the community.

Jannie Strydom, Chief Executive Officer of Agri Western Cape, describes him as: "Francois is the kind of young farmer who offers hope for the future of agriculture in our province. His approach to management - from precision agriculture and technology to people development and community engagement - demonstrates an extraordinary balance between innovation and humanity. He is a worthy ambassador for our province."

Francois' management style is participatory and team driven. He likes to collaborate rather than simply give orders. His ability to plan strategically under pressure, and to lead his team through difficult seasons with motivation and innovation, sets him apart. After three consecutive challenging seasons, including hailstorms, he soon adapted and restructured international market strategies - a testament to his resilience and strategic insight. "Francois' integrated management style, ingenuity and focus on people and quality impressed us. He is not only an outstanding producer, but also a leader who empowers his team and serves his community. From soil analysis and automated irrigation to community service and faith-based values - he manages with heart and mind," said Inus Oosthuizen, convenor of the panel.

According to Francois Rossouw, the award is a great honour, but also confirmation of teamwork: "I see this recognition not only as my own achievement, but as a tribute to everyone on the farm who gets their hands dirty every day. Farming is teamwork, and without my team, my family, and God Almighty, I would not be standing here today. I believe that farming is a calling which gives me a reason to continue as fourth-generation farmer."

**Rojeanne de Wet**
**(Agri Liaison Officer)**



*Jannie Strydom (CEO, Agri Western Cape), Villiers Loubser (Agri Western Cape President), Francois Rossouw and Niel Esterhuyse (Santam).*


**OVERSTRAND**
**MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA**

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **FRIDAY, 27 JUNE 2025** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **VRYDAG, 27 JUNIE 2025** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESIHLANU, Umhla we 27 JUNI 2025 ngeye-10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KAMASIPALA**
**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 111/2025**





Flower Assassin bugs (*Rhynocoris*) are ambush predators often found waiting around flowers for insects to move within striking distance.

For some species, after the female lays her eggs, the male actually hangs around. He guards the precious eggs from parasites and predators, protecting his future babies.

So to all the Dad's out there taking care of business, hope you had an lovely Father's Day!

Brought to you by the Grootbos Foundation Entomology team

# 2025 SPRINGBOK FIXTURES

## Live Screening Events

SPRINGBOKS

- Sat, 28 June - SA vs BARBARIANS
- Sat, 5 July - SA vs ITALY
- Sat, 12 July - SA vs ITALY
- Sat, 19 July - SA vs GEORGIA
- Sat, 16 Aug - SA vs AUSTRALIA
- Sat, 23 Aug - SA vs AUSTRALIA
- Sat, 6 Sep - SA vs NEW ZEALAND
- Sat, 13 Sep - SA vs NEW ZEALAND
- Sat, 27 Sep - SA vs ARGENTINA
- Sat, 4 Oct - SA vs ARGENTINA
- Sat, 8 Nov - SA vs FRANCE
- Sat, 15 Nov - SA vs ITALY
- Sat, 22 Nov - SA vs IRELAND
- Sat, 29 Nov - SA vs WALES


# Die wese van Vadersdag




Met Vadersdag verlede Sondag, 15 Junie 2025, het die Gans-Berg Nuus dit goedgedink om 'ietsie' anders daarvan weer te gee - 'n 'ietsie' wat eintlik vir elke dag geld - te midde van soveel geweld teenoor vroue en kinders.
**Hardus Botha**

**Wees 'n termostaat-pa...**
**nie 'n termometer-pa nie**
Sosiale media-algoritmes bied dikwels 'n prentjie van sukses wat gemeet word aan wat jy kry, wat jy ry en waar jy bly. Jou sukses word bepaal deur die getalle wat jy reflekteer. Dink aan die prentjie van 'n **termometer** - dit gee net getalle weer, of jy nou die regte getalle het of nie - teenoor die prentjie van 'n **termostaat** - dit skep 'n atmosfeer, 'n klimaat, 'n ruimte waarin moontlikhede kan ontwikkel.

'n **Termometer-pa** meet en evalueer voortdurend hoe goed of sleg elkeen in die huis vaar. Hierdie pa se aanvaarding van sy kinders wissel volgens hul prestasies. Dit kan die huis 'n plek maak waar kinders voel hulle moet aanhou presteer om geliefd te wees - 'n eggo van die "wat jy kry, wat jy ry en waar jy bly"-maatstaf.

'n **Termostaat-pa** werk anders. Soos 'n termostaat wat die temperatuur reg stel om 'n gemaklike en gesonde omgewing te skep, werk 'n termostaat-pa doelbewus daaraan om 'n atmosfeer van liefde en aanvaarding te vestig. Hy luister met opregte belangstelling na sy kinders se stories en drome - of dit nou gaan oor die bou van 'n Lego-kasteel, die opwinding van 'n sportwedstryd, of die fyn bewegings van ballet. 'n Termostaat-pa is nie net fisies teenwoordig nie, maar ook emosioneel en geestelik beskikbaar. Hy neem tyd om stories voor te lees, saam op die grasperk te speel, liedjies van *Taylor Swift* saam te sing, of die groot storielyne van *Marvel-helde* en *Star Wars* uit te luister. Hy sien die klein oomblikke raak en gebruik dit om vir sy kinders te wys dat hulle vir hom belangrik is - nie net vir wat hulle doen nie, maar vir wie hulle is.

Op hierdie Vadersdag - of enige ander dag - kan jy jouself afvra: "Is ek 'n **termometer-pa** of 'n **termostaat-pa**?" Keer die maatstaf van "sukses" om - maak jou huis 'n plek waar jou kinders veilig voel, groei en floreer.
(*Verkort: Hardus Botha*)
**Christi Thirion (Kaapkerk)**

**Gebed vir Wonderlike Pa's**
Hemelse Vader, op hierdie dag staan ons in verwondering. Ons bewonder die vaders wat U vir ons gee: Pa's, oupa's, voogde en ooms; ook onderwysers, afrigters, bure en mentors - elkeen uniek, vol omgee en vriendelikheid. Dit is wonderlik dat hulle dien - deur te gee, te werk, te help, te lag en te leer; U het hulle gemaak as deel van U wonderlike plan: hulle is tekens van U sorg en wysheid. 'n Sagte woord op die regte tyd, 'n hand op 'n skouer, 'n belangstellende vraag, 'n *high-five* wat ondersteun, en 'n gebed in stilte. Here, seën elke pa-figuur vandag en elke dag - maak hulle harte sterk, hulle geloof diep en hulle liefde sag. Amen!

**Kaapkerk: VrydagNuus**
*(Foto: Charlotte Herselman)*

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 20/06/2025 | Saturday 21/06/2025 | Sunday 22/06/2025 | Monday 23/06/2025 | Tuesday 24/06/2025 | Wednesday 25/06/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16° | 15° | 16° | 15° | 16° | 16° |
| Fresh Breeze 9 m/s from north-west 2.3 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from west 0.5 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 0.2 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from north 4.6 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 20 June | 1040 | 2303 | 0435 | 1640 |
| 21 June | 1150 | 0008 | 0541 | 1749 |
| 22 June | 1252 | 0107 | 0641 | 1851 |
| 23 June | 1347 | 0200 | 0734 | 1948 |
| 24 June | 0200 | 1437 | 0823 | 2040 |
| 25 June | 0250 | 1525 | 0910 | 2130 |
| 26 June | 0337 | 1610 | 0953 | 2218 |
| 27 June | 0423 | 1654 | 1035 | 2305 |
| 28 June | 0507 | 1737 | 1116 | 2351 |
| 29 June | 0550 | 1820 | 1156 | 0037 |
| 30 June | 0634 | 1905 | 1238 | 0126 |
| 01 July | 0721 | 1952 | 1322 | 0200 |
| 02 July | 0813 | 2044 | 0220 | 1412 |
| 03 July | 0916 | 2144 | 0320 | 1512 |

# Why you need to register your solar system

Many households, businesses, and industries have invested in backup power solutions such as solar energy systems. It is important to note that all small-scale embedded generation (SSEG) installations must be registered with the municipality - even if the system does not feed electricity back into the grid.

**Why must you register?**
**Overstrand is legally required to ensure that the electricity distributed to all its customers complies with set quality standards. To enable us to do this, we need to know where generation systems have been connected to the grid, to ensure that the system is safe and legal.
**All permanent grid-tied electricity generators in the Overstrand's electricity supply area must be authorised in writing. According to the Overstrand's Electricity Supply by-law, unauthorised generators that are grid-tied can be considered as a form of tampering. Please note that off-grid systems must also be registered so that they are not mistaken for grid-tied systems.
**Many systems that claim to be off-grid are not electrically separated from the home's wiring and are thus not technically off-grid. To qualify as an off-grid system, a solar PV system must be completely separated from the property's wiring.
**Unauthorised PV systems could interfere with Overstrand's electricity supply, electricity demand management and future network planning.
**Connecting an unauthorised SSEG system to the grid can pose a safety risk to electricity maintenance staff and can also be a fire risk to your household if done incorrectly.




**Furthermore, your future insurance claims may be jeopardised if unauthorised systems are operated.
**NERSA requires all installations with a generation capacity smaller than 1 000 kilo Watts (kW), to be registered with the relevant distribution authority. This covers most solar solutions for residential homes and small offices.
**Overstrand strives to provide a sustainable and reliable source of electricity to all customers in our distribution area. Registering your system will assist Overstrand in ensuring a safe working environment for all our electrical personnel, a reliable network for all our consumers and to comply with regulatory requirements for allowing SSEG on our networks.

There is no cost for registering your system. The complete guidelines, forms and by-law are available on the Overstrand website, under Documents > Electricity. Alternatively visit apply.sseg.org.za, register as an applicant and follow the easy steps to capture your application and upload the relevant documents as requested.

**Who to contact?**
Enquiries in this regard can be addressed to the Electricity Department of the Municipality at tel 028 313 8000 / 028 384 8358 / 028 316 2630 or e-mail: enquiries@overstrand.gov.za.

**Issued by:**
**Overstrand Municipal Manager, Dean O'Neill**

# Poegie-avonturiers raak benoud





Die Poegie-avonturiers, onder leiding van Manny de Bruyn van TMS Bouers en sy gedugte spanmaats, raak benoud oor die tyd wat besig is om uit te hardloop. Hulle benodig nog gewillige borge, donateurs, ondersteuning en bykomende avonturiers wat vir hierdie groot uitdaging wil saamry - alles ten bate van Ikamva Jeugontwikkeling.

Die manne het groot waardering vir elke donasie, groot of klein, wat intussen ontvang is en nog moet inkom. Hulle beplan om vanaf Gansbaai na Hentiesbaai in Namibië en terug op 'n poegie se saal deur te bring - 4 000km! Die Poegies is klein motorfietsies (*scooter*) en die krag van die enjin is 'n skrale **125cc tot maksimum 150cc**. "Ons beplan om die rit daarheen en terug in 10 dae, maksimum 12 dae, af te lê," vertel Manny. "Ons besef dit sal 'n fisiese en 'n geestelike uitdaging wees wat met spanning en uitputting gepaard sal gaan."

**Kontakbesonderhede:**
*Manny de Bruyn: 082 675 8410; epos admin@tmsbouers.co.za
*Japie Geldenhuys: 063 779 9974; epos vettrilgerald@gmail.com
*Marius Alberts: 079 600 3971; epos mariusallie1958@gmail.com
*Gerrie Schutte: 064 837 6292; epos schuttegerrie@gmail.com
*Kobus Geyser: 082 875 7408; epos kobusgeyser77@gmail.com

**Bankbesonderhede:**
Naam: IkamvaPoegieChallenge; Bank: Nedbank; Tipe: Spaarrekening; Rekeningnommer: 2053776528.

**Hardus Botha**

# 'Boekflix'

Sekerlik 'n eerste vir Gansbaai – 'n 'Boekflix-projek', met springmielies (*popcorn*), koeldrank en al, 'n pure fliekatmosfeer aan huis van Elsie Pretorius.

Hierdie gedagte om na flieks, wat op die verfilming van spesifieke boeke gebaseer is, is voortspruitend uit die lede van Gansbaai Leeskring. "Ek het op die gedagte gekom om maandeliks so 'n 'Boekflix'-projek van stapel te stuur - dit is vir dié wat na 'n fliek van 'n goeie boek, wat verfilm is, te kyk en te geniet," vertel Elsie. "Ons kuier sommer sosiaal saam en kyk ontspanne na 'n fliek." Daar is natuurlik bietjie verversings ook, waarby springmielies ingesluit is - mens kyk mos nie fliek sonder springmielies nie!



*Die 'Boek-fliekgangers', met Elsie Pretorius links.*

Die film waarna die groep tydens hulle eerste byeenkoms gekyk het, is '*Fundamentals of Caring*' en is op die boek, '*The Revised Fundamentals of Caregiving*' gebaseer. Dit gaan oor 'n seun met die naam Trevor wat aan spierdistrofie lei, 'n fisieke siekte wat veroorsaak dat hy iemand nodig het om hom te versorg.

Só verskyn Ben, gespeel deur Paul Rudd, op die toneel, wat pas 'n kursus in versorging voltooi het en aangestel word om Trevor, gespeel deur Craig Roberts, te versorg. Ben en Trevor deel 'n eienaardige en aangrypende chemie wat die fliekganger tot aan die einde vasgenael hou voor die skerm. Die kernboodskap van die film is dat Ben 'n gebroke man is, wat deur sy verhouding met 'n jong man wat aan spierdistrofie ly, leer om vrede met sy eie mislukkings te maak en homself te aanvaar en lief te hê.

Nou-ja, dames, geniet julle 'Boekflix'-filmvertonings en bring jou springmielies en verversings saam. Hierdie projek sluit aan by Gansbaai Leeskring se maandelikse interessante boekbesprekings.
(*Foto: Anita Botha*)

**Hardus Botha**






## KENNISGEWING

**KENNISGEWING**

In die Boedel van wyle DIRK PIETER LAURIE Identiteitsnommer 4601055054085 getroud buite gemeenskap van goed met CATHERINA ELIZABETH LAURIE Identiteitsnommer 4605100056086 woonagtig ten tyde van lewe 27 Seaview drive, Franskraal, Gansbaai Wes Kaap Provinsie
(Boedelnommer 6517/2020)

Kennis word hiermee gegee dat die 1ste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae lê by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad, en by die Landdros Hermanus vir n tydperk van 21 dae gereken vanaf 20 Junie 2025

RICHARDS PROKUREURS
35 Barnardstraat
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255

Richards Attorneys

VERWYSING: Rr1353

# Pinkstermaal met Musiektalente



*Die talentvolle musiekspannetjie.*

Na afloop van Pinksterweek, is die Pinkstertyd op Vrydagaand, 6 Junie 2025 met 'n Pinkstermaal in die Pretoriussaal afgesluit. Bediening Gasvryheid se knap span dames onder leiding van Elcine Hulme, het vir netjies-gedekte tafels gesorg - met 'n lang broodtafel in die middel van die saal en gevul met 'n groot verskeidenheid van geurige brode. Voor die verhoog was die heerlikste verskeidenheid van sop om van te kies en te keur - sommer genoeg vir 2de of 3de bekers sop.

Sewe van Laerskool Gansbaai se Gansies, asook twee oud-Gansies, Arielle en Armand du Plessis, het vir talentvolle musiekvermaak op die verhoog onder leiding van Asanti Smit gesorg. Die aand se program het bestaan uit verskeie sang- en ensemble items. Hanro Coetzer het twee solo-sangitems uitgevoer, terwyl 'n Trio van Graad 3-leerders, Layli Appel, Mieke Groenewald en Liahné Otto, ook talentvol gesing het. Hulle het ook later saam met Arielle en Vera du Plessis opgetree.

Die talentvolle Du Plessis-ensemble het verskeie items aangebied, waaronder 'n beurtsang duet, 'n kanon en gesamentlike sang deur Arielle, Eben en Vera. Armand het die viool gespeel en Jan-Dawid die kitaar. Dit was voorwaar 'n voorreg om na soveel musiektalent in ons Gansie-gemeenskap te kon luister - knapgedaan, julle, knapgedaan!

(*Foto's: Hennie Otto*)
**Hardus Botha**



*Gesellige samesyn.*

# LSG-Sportsterre 'geskommel'

Tussen die medikasie, die bed, die rekenaar en 'n griepaanval van twee weke, het foto's en onderskrifte van LSG se Gansies in verlede week se Gans-Berg Nuus (Vrydag, 13 Junie 2025) effens deurmekaar geloop, met twee foto's wat nie geplaas is nie. Die griep-joernalis bied graag sy verskoning aan en stel hiermee die saak reg - met al 4 foto's ten einde verdere verwarring te voorkom!

Baie geluk aan twee van Laerskool Gansbaai se Gansies wat op 31 Mei 2025 aan die *GRIP Whale Coast Classic 2025* kompetisie in Hermanus deelgeneem het - knapgedaan en doen so voort, julle twee!

**Liahné Otto** het in 2 kategorieë deelgeneem en haar medaljes vir '*intermediate lyrical*'-dans ontvang, asook vir '*intermediate modern*'-dans.


**Zaan de Wet** het in die o/11 gekombineerde kategorie in 'n triogroep deelgeneem, waar hulle 'n pragtige 2de plek behaal het.

Die Gansies se Tennisster, **Daniël de Villiers**, het vanaf Vrydag, 30 Mei tot Sondag, 1 Junie aan die TSA Prokennex Winelands Autumn Toernooi in Stellenbosch deelgeneem. Hy het in die platinum-afdeling, seuns o/12, 'n 14de plek behaal en verdien met dié vertoning punte om die TSA-ranglys verder te klim. Daniël is tans in die 198ste plek (uit 442) vir seuns o/12 in Suid-Afrika - pragtige prestasie, Daniël!

Nog 'n opkomende Gansie-tennisster, is **Isabelle de Villiers**, nogal Daniël se suster. Sy het 'n 2de plek in die o/9 afdeling van die Wilson Rooibal Tennistoernooi, wat op Sondag, 1 Junie 2025 in Rondebosch aangebied is, behaal - hou so aan, Isabelle!

**Hardus Botha**


*Liahné Otto.*


*Zaan de Wet.*


*Daniël de Villiers.*


*Isabelle de Villiers.*













# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

## Colour me in....



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 8 | | | | | | 1 |
| 9 | | | | | | | | |
| 7 | | | 8 | | 4 | | | |
| | | | | 9 | 2 | | | 3 |
| | 6 | | | 5 | | 7 | 9 | |
| | | 9 | 1 | | | | | |
| | | 3 | 6 | | | | | |
| | 8 | | | | 7 | | 4 | 2 |
| | 4 | | 5 | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | M | P | X | R | O | T | I | N | A | J | E | N | T | L | E | M |
| B | M | U | M | T | T | E | X | T | B | O | O | K | S | O | O | N |
| P | A | K | I | K | F | Y | H | X | B | I | B | X | Y | C | Q | V |
| M | N | T | F | S | T | I | K | A | T | E | S | I | R | K | Y | L |
| D | O | R | H | I | A | C | R | N | L | C | S | E | X | E | R | U |
| V | R | O | S | R | O | N | E | E | H | L | T | R | U | R | A | N |
| Y | L | Z | R | L | O | T | M | O | D | N | W | V | U | R | T | C |
| T | I | L | C | S | E | O | O | Y | I | R | Q | A | O | N | E | H |
| N | B | L | X | D | S | L | M | Q | G | A | I | L | Y | Y | R | R |
| E | R | E | G | V | Y | A | K | S | E | D | L | L | G | S | C | O |
| D | A | B | F | A | W | N | L | M | M | C | E | L | L | Z | E | O |
| U | R | E | R | M | A | S | Q | C | A | Z | E | X | K | D | S | M |
| T | Y | D | O | O | R | S | H | L | T | E | A | C | H | E | R | H |
| S | M | C | K | L | L | L | L | A | P | I | C | N | I | R | P | M |

- BATHROOM
- BELL
- CLASSROOM
- CLOCK
- DESK
- DETENTION
- DOORS
- FIRE DRILL
- HALLWAY
- INTERCOM
- JANITOR
- LIBRARY
- LOCKER
- LUNCHROOM
- NURSE
- PRINCIPAL
- SCHOOLYARD
- SECRETARY
- STUDENT
- TEACHER
- TEXTBOOKS

## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | B | A | N | A | N | A | C | R | E | A | M | K | Z | D | B | O |
| B | L | C | R | F | F | Y | J | B | P | U | M | P | K | I | N | F |
| F | D | O | H | A | Y | R | R | E | B | E | U | L | B | U | L | B |
| V | Q | R | M | O | I | B | L | R | Z | O | W | V | W | A | O | Y |
| R | E | A | A | L | C | S | U | W | E | E | H | Y | P | S | C | R |
| H | M | S | E | T | W | O | I | K | R | B | R | P | T | Q | H | R |
| U | I | P | R | F | S | U | L | N | O | R | E | O | L | T | E | E |
| B | L | B | C | I | C | U | D | A | E | R | N | L | A | O | S | H |
| A | Y | E | T | D | U | X | C | B | T | C | Y | E | B | S | S | C |
| R | E | R | U | E | U | G | N | I | R | E | M | N | O | M | E | L |
| B | K | R | N | I | D | E | L | E | H | E | C | N | O | K | U | D |
| D | V | Y | O | Y | S | U | A | C | C | Z | S | R | A | S | T | B |
| R | H | E | C | Y | R | M | A | N | P | G | P | Y | E | C | P | Q |
| M | G | L | O | S | P | E | I | O | G | D | U | M | J | A | E | W |
| G | L | B | C | U | P | M | Y | M | B | U | T | T | E | R | M | P |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 7 | 3 | 9 | 8 | 4 | 1 | 2 | 6 |
| 4 | 6 | 2 | 7 | 1 | 5 | 3 | 9 | 8 |
| 8 | 9 | 1 | 2 | 3 | 6 | 4 | 5 | 7 |
| 6 | 1 | 8 | 4 | 2 | 9 | 5 | 7 | 3 |
| 7 | 2 | 9 | 5 | 6 | 3 | 8 | 1 | 4 |
| 3 | 4 | 5 | 8 | 7 | 1 | 9 | 6 | 2 |
| 2 | 3 | 7 | 1 | 5 | 8 | 6 | 4 | 9 |
| 9 | 5 | 6 | 3 | 4 | 2 | 7 | 8 | 1 |
| 1 | 8 | 4 | 6 | 9 | 7 | 2 | 3 | 5 |

# CLASSIFIEDS

## CNC Sweis & Staal
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## Maintenance Man
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

## FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING
CONTACT AUBREY
076 651 6789/028 388 0872

## GansBerg
Nuus/News
newspaper on the shelves every Friday



## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:
Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

## Te Koop
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



## VIBRACRETE MURE
### Gansbaai Precast
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

## Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*


Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## BOSMAN VERWERS
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580



## GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

## HULP MET VUURWAPENLISENSIES
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

## Put your advert here
**Contact us at 078 010 8286**

## ALCOHOLICS ANONYMOUS
UNITY SERVICE RECOVERY
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

## CONTACT US TO ADVERTISE:
Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za
Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za

# Gansbaai Gholfklub 2de Gelukhou - Charlie Bent


*Charlie Bent (Gelukhou!)*

Gelukhoue (Hole-in-One) is nie so algemeen nie, maar 'n 2de Gelukhou (Hole-in-One) tydens twee kompetisies direk na mekaar, is nogal besonders! Baie geluk aan Charlie Bent met sy Gelukhou op puntjie no 11! Sommer net verlede week was dit Clive Bailey met sy Gelukhou - knapgedaan, manne!


*Christo Spanellis.*

**Woensdag, 11 Junie:** Christo Spanellis wen die Sloegterskompetisie met 39 punte, gevolg deur Bev Swart 35, John Wellman 35, Solly Wessels 34, Berty Sassman 34, Dawie Viljoen 32, Joe Cesare 32, Clive Bailey 32, Leon Lombaard 32 en Rene Myburgh 31.

**Vrydag, 13 Junie:** George Hunt wen die 9-putjie Enkel Stableford met 22 punte, gevolg deur Leon le Grange 20, Johan du Preez 19, Sakkie van der Merwe 16, Gordon Miles 16, Corrie Avenant 15, Pieter Uys 15, Pero Heyns 15, Pietie Dry 14 en Owen Huxham 14.

**Saterdag, 14 Junie:** Charlie Bent teken 'n Gelukhou aan op putjie no 11. Veels geluk, Charlie! Jacques Louw wen die Houespelkompetisie met 65 net, gevolg deur Francois van der Merwe 69, Johan du Preez 69, Berty Sassman 71, Clive Bailey 71, Rene Myburgh 73, Bertie Laubscher 74, Daniel van der Merwe 76, Charlie Bent 76 en Philip Taylor 77. Naaste aan die pen op no 2 was Rene Myburgh (rooi bof).


*George Hunt.*

Spog Twee's: Stephen Brown (11), Bertie Laubscher (11) en Rene Myburgh (2).

**Volgende Saterdag, 21 Junie:** Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Verjaarsdae:** Raynier Smalberger (19de), Leonard Peerce (19de), Michael Venter (20ste) en Handre van Lill (21ste).


*Jacques Louw.*

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878**

# Musiek-werkswinkels

Laerskool Gansbaai se Musiek-Gansies het 'n interessante en kreatiewe projek, Musiek-werkswinkels, deurloop. Dit is 'n projek waar die Gansies hul eie liedjies moes komponeer, lirieke skryf en om dan later in die jaar 'n opwindende konsert aan te bied om die vrugte van hul harde werk te pluk.

Hopelik sal dit nóg meer Gansies inspireer om uiting te gee aan hul skeppende vermoëns en talente! Die projek is in samewerking met Illimar Neitz, met opwindende konneksies wat nog volg. Die 1ste werkswinkel is reeds gedurende Maart aangebied, met 16 van die Musiek-Gansies wat dit bygewoon het. Die 2de werkswinkel is op 2 Junie aangebied en daar word reeds met 'n paar liedjies gewoeker. Gróót opgewondenheid heers oor Gansbaai se eie Gansie-musieksaadjies wat besig is om te ontkiem.

**Hardus Botha**





Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




Sport

# Reuse oorwinning vir Black Leaves

"Black Leaves het die tweede rondte van die Streekuitdaag Overberg 1 op 'n hoë noot op Blompark Sportgronde, hulle tuisveld, begin," skryf Heinrich Vermeulen, die span se verslaggewer. "Hulle het die Elim Blues met 82-3 behoorlik afgeransel." Dit was aanskoulike hardloop-rugby aan die kant van die Black Leaves wat die toeskouers die hele wedstryd op hulle tone gehou het. Aidan Wildschut se skopskoen het verdere 'kleur' aan die wedstryd gegee - hierdie jongman se persoonlike bydrae met sy akkurate skopskoen was 22 punte.


*Aidan Wildschut in aksie.*

Heinrich beskryf die 1ste helfte so:
Titus druk die 1ste drie, verdoel deur Aidan Wildschut (7-0); Monty Adams volg met die 2de drie op, verdoel deur Aidan (14-0); Monty druk sy 2de drie, verdoel deur Aidan (21-0) en 'n bonuspunt-drie word deur Brenton-Lee Dickson gedruk, ook deur Aidan verdoel (28-0); Jurie Groenewald kuier ook agter die doellyn en Aidan maak weer nie 'n fout met sy doelskop nie (35-0); dan slaag Elim Blues met 'n strafskop (34-3); Justice Jacobs druk die Black Leaves se 6de drie en Aidan stel nie teleur nie, met die rustydtelling 42-3 in Black Leaves se guns.

Die 2de helfte verloop eweneens skitterend vir Black Leaves. Nog 6 drieë word deur hulle gedruk: Brenton-Lee Dickson (2); German Lewis (2); Jaybery Mouries (1); Zukanye Tomose (Foley) (1). Aidan slaag met 5 van die 6 doelskoppe - eindtelling 82-3! Brenton-Lee Dickson is as die speler van die wedstryd met sy Driekuns aan drieë aangewys.

"Die bestuur en span van die Black Leaves bedank graag die toeskouers vir hulle ondersteuning," sê Heinrich.
"Eerskomende naweek reis die Black Leaves na Greyton om die Greyton Rugbyklub die stryd aan te sê." Die Gans-Berg Nuus wens die span alle sterkte toe!
(*Vir lesers wat dalk nie weet nie, Black Leaves se kleure is swart en geel*)

**Hardus Botha**







OK Foods
Tel: 028 384 0001 GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00